

Skriflesing: 1 Korinthiërs 1:17-31**Belydenis- Dordtse Leerreëls Hoofstuk 1 paragraaf 4 en 5****Teks: 1 Korinthiërs 1:21-24****Sing-Ps. 18:1,10; Ps. 66:2,3; Ps. 27:6**

Ons het eintlik maar elke dag van ons lewe daarmee te doen, broeder en suster. Daar was nog altyd en daar sal nog altyd mense wees wat nie glo nie. Mense wat baie beslis die Woord van die Here gehoor het. Dit het ons verlede keer gesê dat dit is die enigste manier hoe 'n mens tot geloof kan kom is wanneer jy die Woord van die Here hoor. Hierdie Woord wat ons verlede keer daarop kon wys hoe die goeie God sy Woord na alle mense laat uitgaan en dat geen mens van die verkondiging van die Woord weerhou mag word nie, Vandag maak ons belydenis dit duidelik dat nie alle mense sal op die Woord dieselfde reageer nie.

Daar is hulle wat nie wil hoor nie. En nou besef ons dat die vreugdevolle boodskap van paragraaf 3 het altyd 'n tweërlei uitwerking, want die Woord is ook niks anders as 'n tweesnydende swaard. Ons lees in Hebreërs 4:12 - *Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.* Die Woord wat tweesnydend is sny op so 'n skerpe wyse dat jy die hele mensdom in twee groepe moet kan verdeel. Hulle wat die evangelie nie glo nie staan in die Dordtse Leerreëls teenoor hulle wat ons bely die evangelie **aanneem** en dit staan nog duideliker dat hulle wat die evangelie aanneem is dié mense wat die Verlosser Jesus met 'n ware en lewende geloof **omhels**.

Ons kry hierdie twee groepe op baie plekke en op baie maniere in die Here se Woord. In 2 Kor. 2:16 lees ons dat die reuk van die evangelie deur ons *orals versprei word*- en tog staan daar- *Want ons is 'n aangename geur van Christus tot eer van God onder die wat gered word en onder die wat verlore gaan; vir die laaste 'n reuk van die dood tot die dood, maar vir die eerste 'n reuk van die lewe tot die lewe.* Artikel 4 kan ons noem die deel van die Dordtse Leerreëls wat vir ons die geweldige gewig van die evangelie laat sien. Hier ontmoet jy vir Christus Self. En nou is dit nie 'n geval van ek aanvaar nou maar 'n klompie geloof feite bv. ek glo dat Jesus bestaan het, en dat Hy aan die kruis

gesterwe het, en ek in die grootste deel nie met wat in die Woord van die Here geskrywe is, in spanning wil staan nie, maar broeder en suster, is dit ware geloof?!

'n Ware en lewende geloof het ook met omhelsing te doen. Om Christus werklik te wil omhels, soos daardie vrou waarvan ons in Luk 7 ook lees – vv.37-38- *En toe 'n vrou in die stad, wat 'n sondares was, verneem dat Hy in die Fariseër se huis aan tafel was, het sy 'n albaste fles met salf gebring en agter by sy voete gaan staan en geweet; en sy het sy voete begin natmaak met haar trane en hulle afgedroog met die hare van haar hoof; en sy het sy voete gesoen en met salf gesalf.* Hierdie vrou het nie verstandelik op verlossing wou aanspraak maak nie, maar sy het haar eie ellende besef. Dit het haar tot die Here se voete gedwing, haar trane word soos water, sy kan Jesus se voete daarmee was want het sy eintlik geweet hoe nodig het sy dat sy gewas moet word. Daarom as sy dan ook sy voete met haar hare afdroog dan salf sy ook sy voete, want sy moet gewas kan word, sy moet gesalf kan word, juis oor haar sonde. As sy dit vir Jesus hier doen, hoeveel te meer het Hy dit vir haar sou doen.

'n Ware lewende geloof onderskei haar van die Fariseër Simon aan wie se huis hulle saam was. Hy wat op die oog af sou lyk die beter gelowige te wees, want het hy sou dink ek is selfs beter as Jesus, ek wat by myself kan dink dat Jesus hierdie vrou nie so by Hom moes ontvang nie. *As Hy 'n profeet was sou Hy geweet het watter soort vrou dit is wat Hom aanraak; want sy is 'n sondares...* Min het hy besef hoe paragraaf 4 van die Dordtse Leerreëls eintlik op haar van toepassing sou wees. Jesus het met hierdie vrou iets wou duidelik maak hoe Hy wat Jesus is, al Een is wat ons van sondes kan verlos. Hoe Hy wat Jesus is ons ook van die verderf verlos. Dieselfde Jesus skenk ons die ewige lewe. Al die dinge wat daar in paragraaf 4 staan. Die Here het met haar die pad begin loop wat die man wat dink hy is op die beter pad nog nie eers die eerste tree op die regte pad gegee het nie.

Trouens paragraaf 4 stel dit duidelik- ook op grond van Joh.3:36- *Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom.* As jy nie glo nie, dan is dit nie 'n geval van jy sal

onder die toorn van God kom nie, née- hier staan dit duidelik- JY BLY ONDER DIE TOORN VAN GOD. Ons wat in alle geval almal onder die toorn van God staan, maar vir so 'n mens word die toorn van God nie weggeneem nie. So een se oordeel sal eintlik nog swaarder word, want sulke mense is eintlik besig om die woede van God soos 'n skat in hulle lewens op te gaar. As ek wel die weg kon ken, maar ek weier volstrek om op die weg te wandel dan kan dit mos nie goed gaan nie. Ons weet dat die Here dit ook vir ons sê dat Christus is bestem tot 'n val en 'n opstanding.

In 1 Kor 1 het ons dit saamgelees- *Die Jode vra 'n teken en die Grieke soek wysheid, maar ons verkondig Christus wat gekruisig is, 'n struikelblok vir die Jode en dwaasheid vir die Grieke...* Die feit dat Christus verkondig is, dit is waaroor dit gaan. As jy Christus verkondig dan maak dit dat die verkondiging van die evangelie geen mislukking kan wees nie..... *maar ons verkondig Christus wat gekruisig is,... 'n struikelblok vir die Jode en dwaasheid vir die Grieke; maar vir die wat geroep is, Jode sowel as Grieke: Christus, die krag van God en die wysheid van God.* Laat ons baie mooi let op wat die Here hier deur Paulus skrywe- Maar die wat geroep is... Dit is God wat roep en net God alleen.

Trouens waar ons verlede keer in die vorige paragraaf oor die belangrikheid van die prediking wou handel, vandag hoor ons uit Korinthiërs dat as jy nie geroepe is nie, dan is die prediking niks anders nie as dwaasheid. Dan sal daar van die prediking niks goed kan kom nie. Maar ons moet baie mooi lees wat hier staan- Alleen die dinge wat God doen is wat werklik saakmaak. Kom ons kyk na die dinge wat ons lees God hier in 1 Kor.1 doen- *die woord van die kruis is vir die wat gered word... die krag van God.* Mense wat dink hulle is baie wys, maar lees ons *God sal die wysheid van die wyse mense vernietig en die verstand van die verstandige mense tot niet maak.* Weereens staan die vraag- *Het God nie die wysheid van hierdie wereld dwaas gemaak nie.* En dan kom die belangrike van wat ons die vorige keer al bely het- hoe belangrik is die prediking nie- *dit het God behaag om deur die dwaasheid van die prediking die wat glo, te red...*

Uit hierdie hoofstuk van Korinthiërs is dit baie duidelik wat ons belydenis uit die Dordtse Leerreëls ook beklemtoon- daar is twee hoofkategorieë van mense- die wat gered word

en die wat verlore gaan. Ook die voortdurende kontras tussen hierdie twee hoofgroepe kan ons nie miskyk nie. Wanneer God se wysheid in die lewe van 'n mens posgevat het dan sal jy agterkom daar is die mens wat in dwaasheid aanmekaar die verkeerde dinge wil beklemtoon. Mense wat dink hulle is baie slim hulle sal die heersende wêreldbeskouing as wysheid wil voorhou.

Heel aan die begin van die reeks preke uit die Dordtse Leerreëls het ons wou toon dat wat in die Dordtse Leerreëls staan baie beslis in spanning kom met die idees van hoe mense dink en hoe mense hulle vryhede en hulle regte tot op elke vlak van hulle bestaan sal wil deurvoer. Ja die heersende wêreldbeskouing sal in die Dordtse Leerreëls nie baie steun ontvang nie, maar die Woord van die Here is nooit bedoel gewees en sal dit ook nooit wees om mense in hulle gehoor te streel nie. Die wysheid van mense en hoe mense hulleself wil handhaaf kom direk teenoor die Woord van God te staan- en dan in besonder teen Jesus loop mense hulle vas, want dit gaan in hierdie hoofstuk 1 van Korinthiërs om God se Woord, spesifiek die Woord van die kruis...

Vir mense wat verlore sal gaan is die woord van die kruis dwaasheid, hulle fokus is heel anders. Maar vir die wat gered sal word is en bly dit die krag van God. Die verkondiging van die gekruisigde Christus slaan mense toe, want vir die Grieke is dit dwaasheid vir die Jode is dit 'n struikelblok. Grieke wat so behep is met wysheid, Jode so behep met tekens. As die Grieke sê die kruis is dwaasheid- daar lees ons die Griekse woord- *moroon*- dan het dit vir die Romeinse wysgere geen sin kon maak dat die dood van één Man aan die kruis, ander mense kan red nie. Die kruis is vir die Grieke/Romeine 'n teken van eerloosheid, van veragting, iets waaraan hulle nie eers wil dink nie.

Die Jode weer so behep met tekens, ons het gesê vir hulle is die woord van die kruis 'n struikelblok. (Die Grieks vir struikelblok is 'n *skavndalon*). 'n *Skavndalon* is die stok wat 'n wip laat toeval, iets wat aanstoot en opposisie veroorsaak en wat figuurlik gesproke veroorsaak dat iemand sondig. Die Jode het oor Jesus gestruik. 'n Messias wat aan 'n hout hang was vir die Jode 'n steen des aanstoots en 'n vervloeking (Gal. 3:13; Deut.

21:23). Dit verteenwoordig eintlik presies die tipe Messias wat hulle nie wou gehad het nie.

Ons het geen grys area tussen mense wat gered word en die wat verlore gaan nie. Dit is of hierdie kant toe of daardie kant toe. Die Woord van God trek eintlik 'n baie duidelike streep want die Woord van die kruis bring die werklike skeiding. In vv.27- 28 word elke keer gewys dat God se roeping het nie met menslike en wêreldse wysheid en beklemtoninge te make nie. *Daar is nie baie wyses na die vlees nie, nie baie magtiges nie, nie baie edeles nie, maar wat dwaas is by die wêreld, het God uitverkies om die wyse te beskaam; en wat swak is by die wêreld, het God uitverkies om wat sterk is, te beskaam; en wat onedel is by die wêreld en wat verag is, het God uitverkies en wat niks is nie, om wat iets is, tot niet te maak, sodat geen vlees voor Hom sou roem nie.*

Die dwaasheid van die kruis, bring juis die krag van God na vore. Wie deur God gered word, besef dat dit nie sy/haar eie werk was nie, maar die krag van God. Hier word God se krag om die mens te red voor alles gestel. Die kruis wys dat die mens hom-/haarself nie kan red nie en dat alles van God se krag afhang .

As dit in alles om die krag van God handel, waar ons met ons menslike verstand dit nie kan meet nie, dan moet elke mens besef, ook hulle met die Arminiaanse oortuiging dat God nie skeiding maak op grond van ons geloof nie, maar op grond van Sy eie krag. Die Remonstrante wil dit nie aanvaar nie, maar beweer dat God werk wanneer jy werk en op die basis van wat jy doen, of jy glo of nie glo nie, daarvolgens sal God op die einde die finale skeiding maak.

Die diepte van die liefde van God en die vryheid van die keuse van God word in paragraaf 5 dit weereens bevestig dat dit beslis nie God se skuld is dat mense nie glo nie. Dit sou baie verkeerd wees om aan mense te verkondig jy glo nie want God het jou nie uitverkies nie. So mag niemand die evangelie oordra nie. Trouens ons staan al by paragraaf 5 van hierdie belydenis en ons belydenis het nog nie één keer oor die uitverkiesing gepraat nie.

Die oorsaak van ons skuld en die mens se ongeloof lê beslis nie by God nie, maar by die mens, net soos dit die geval is met alle ander sondes. Daar bestaan nie só iets dat 'n mens vir jou kan sê weet jy dat ek wil eintlik glo, maar ek kan nie. Die geloof is my nie gegee nie. Wanneer mense só praat dan wil hulle mos eintlik maar vir God die skuld gee. Ons moet só versigtig wees om hieraan onself te bind dat ek voorgee ek sekere dinge WIL doen, maar ek KAN dit nie doen nie. By God werk dit nie só nie! As God roep dan gee Hy terselfdertyd 'n belofte. God se stem staan nooit sonder sy krag nie. As Hy vir jou roep dan sal Hy ook vir jou die gawe gee om te glo. Laat ons eerder ons belydenis hier vashou en besef dat wie die Woord nie wil aanneem nie, die wíl ook nie glo nie. Hulle moet nie wil kom en sê hulle kan nie glo nie. God sal hiervoor geen skuld kan en mag kry nie!

Ons hoor baie duidelik wat die Here in Jesaja 30:9 vir Israel gesê het- *Want dit is 'n wederstrewige volk, leuenagtige kinders, kinders wat die wet van die HERE nie wil hoor nie...*en ook weer in v.15- *In terugkeer en rus lê julle heil, in stil wees en vertrou bestaan julle krag; maar julle wou nie...* Jesus het dieselfde aan ons geopenbaar hoe dit die mens is wat nie wil nie- Luk 13:34- *Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en die wat na jou gestuur is, stenig, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak, soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke, en julle wou nie.* Hiermee saam het Jesus dit baie duidelik aan die Jode gestel – Joh.5:39-40- *Julle ondersoek die Skrifte, omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het; en dit is dié wat van My getuig. En julle wil nie na My kom om die lewe te hê nie.* In dieselfde verband lees ons dat juis vanweë mense se ongeloof in sy tuisdorp Nasaret, Jesus daar nie baie kragtige wonders gedoen het nie- Matt.13:58- *En Hy het daar vanweë hulle ongeloof nie baie kragtige dade gedoen nie.*

Dit onderstreep weereens net wat ons belydenis bekend maak dat hierdie mense wat nie wil luister nie, hulle ongeloof, hulle sonde, hulle het in hulle eie pad gestaan dat Christus daar nie tot hulle deurgedring het nie. Presies soos ons belydenis dit stel- **Die oorsaak of skuld van hierdie ongeloof lê beslis nie by God nie maar by die mens net soos dit die geval is met alle ander sondes.** Die remonstrante het geredeneer as die oorsaak van


ongeloof by die mens lê dan moet die oorsprong van geloof ook mos by die mens lê. So het hulle op dieselfde slimigheid wou voortborduur deur aan die ander kant te beweer as die oorsprong van geloof by God lê dan lê die oorsaak vir ongelooft ook by God. Ons moet nie in denkskemas vasval deur op watter wyse ook al te dink hier kan ons sekere dinge logies uitredeneer deur God die Outeur of Bewerker van ons sonde te maak en op die einde kry God dan ook die skuld vir mense se ongelooft.

Daarom bring ons dit saam wat paragraaf 5 na paragraaf 6 sal uitbou. Die ongelooft is wel ten volle aan die mens te wyte, maar die geloof is op geen manier te wyte aan die mens nie! As u en ek die evangelie gelowig aanvaar dan is dit niks wat ons gedoen het nie. Nie een van ons sal die eerste keuse kon maak dat ek het vir God gekies daarom het Hy my gekies nie! Ons kan op geen manier hierdie keuse gemaak het nie. God alleen, Sy genade alleen, is oorsaak van wat 'n mens in die geloof alleen kan doen. Dit sê die Woord alleen aan ons- Luister maar na 1 Kor. 12:3- *Daarom maak ek julle bekend dat niemand wat deur die Gees van God spreek, Jesus 'n vervloeking noem nie; en niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees.* Dit saamgelees met Joh.6:44- *Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie; en Ek sal hom opwek in die laaste dag.* Dit saamgelees met wat in Efesiërs ook so duidelik staan- Ef. 2:8-10- *Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie. Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel.*

So seker soos wat ons weet die geloof alleen van God af kom, net so seker moet ons weet dat ongelooft nie van God af kom nie. Die mens is vir sy eie ongelooft verantwoordelik! As u vandag hier uitgaan dan is die woorde in Fil. 1:29 dit wat ons aan moet vasgryp (ons het uit die hoofstuk met die eerste diens gelees), dat al sal daar ook baie dinge wees wat mens nie kan verstaan nie- weet dit- Aan jou is die genade verleen om in Christus te glo *omdat dit aan julle ter wille van Christus genadiglik gegee is om nie alleen in Hom te glo nie, maar ook vir Hom te ly.* Die mens wat nie glo nie, dit is geheel en al sy eie skuld. As jy glo dit is net genade.

AMEN

Paragraaf 4



Paragraaf 5

